# Gemeentelike Diakonaat

Gemeente naam: ____________________________

*U word versoek om die vraelys so volledig en eerlik na gelang van u gemeente se omstandighede in te vul. In die analise en bekendmaking van antwoorde sal grootliks van statistieke gebruik gemaak word en geen gemeente se besonderhede sal afsonderlik verskaf of genoem word nie.*

## Gemeentelike diakonaat

1. Is u gemeente oorwegend: Stedelik ◯ Dorp ◯ Platteland ◯ Plaasgemeenskap ◯

2. Watter van die volgende stellings beskryf u gemeente se diakonale werk die beste:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ons predikant hanteer diakonale gevalle soos en wanneer nodig. | ☐ |
| 2 | Mense wat hulp nodig het, kom klop aan by die gemeente se kantoor en kry kospakkies. | ☐ |
| 3 | Lidmate is as individue betrokke by mense wat nood het, en waar hulle nie alleen kan help nie, hanteer ons dit deur ons diakens. | ☐ |
| 4 | Ons verwys mense na maatskaplike dienste en ander organisasies in ons gemeenskap. | ☐ |
| 5 | Ons diakens het die vinger op die pols en verleen hulp soos nodig. | ☐ |
| 6 | Ons het effektiewe diensgroepe wat mense in hulle nood bystaan. | ☐ |
| 7 | Ander | ☐ |

Indien u 'Ander' gekies het, beskryf asb u diakonale werk. U kan hier ook opmerkings maak oor u diakonale werk:

3. Watter vorme van nood kom die meeste en minste in u gemeenskap voor? (Merk die drie wat die meeste voorkom met 'n A, en die drie wat die minste voorkom met 'n X. Let wel, jy mag minder as 3 kies):

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Armoede | | | Bejaardesorg | |
| Kindersorg | | | Verslawing | |
| Verhoudingsgeweld | | | Lewensveranderende siektes | |
| Gestremdheid | | | Trauma | |

4. Word diakens toegerus om leiding in die gemeente te gee met barmhartigheid? Ja ◯ Nee ◯

   Indien ja, hoe doen u dit?

5. Word lidmate toegerus om self barmhartigheid te bewys: Ja ◯ Nee ◯

   Indien ja, hoe doen u dit?

## Bejaardesorg

1. Is u gemeente by een van die Ons Tuis (OTMT) tehuise betrokke? Ja ◯ Nee ◯
2. Is u betrokke by 'n plaaslike tehuis / sentrum vir bejaardes? Ja ◯ Nee ◯
   Indien wel, meld asb die naam van die tehuis(e):

3. Is daar tuisversorgingsdienste in u gemeenskap beskikbaar? Ja ◯ Nee ◯ Weet nie ◯
   Indien wel, meld asb die naam van die organisasie(s):

4. Ondersteun u gemeente die jaarlikse "Tooi Turkoois" bewusmakingsveldtog? Ja ◯ Nee ◯
5. Opmerkings:

## Kindersorg

1. Is u gemeente by 'n DPS-kinderhuis van die NHKA betrokke? Ja ◯ Nee ◯
2. Is u betrokke by 'n ander Kinderhuis in u gemeenskap? Ja ◯ Nee ◯
   Indien wel, meld die naam van die huis(e):
3. Is daar ondersteuningsdienste vir pleegouers en aanneemouers beskikbaar in u gemeenskap?
   Ja ◯ Nee ◯ Indien wel, wie bied dit aan:
4. Het u gemeentelede wat bereid is om as plek van veiligheid op te tree vir kinders wat dringend beveilig moet word uit omstandighede van mishandeling? Ja ◯ Nee ◯ Weet nie ◯
5. Opmerkings:

## RATA Maatskaplike Dienste

1. Verskaf 'n Rata kantoor dienste in u gemeenskap? Ja ◯ Nee ◯
2. Is u betrokke by ander organisasies wat maatskaplike dienste lewer, spesifiek ten opsigte van kinderbeskerming? Ja ◯ Nee ◯
   Indien wel, meld die naam van die organisasie(s):
3. Is daar doeltreffende maatskaplike dienste beskikbaar in u gemeenskap? Ja ◯ Nee ◯
4. Het u gemeentelede wat bereid is om gesinslede wat die slagoffers is van huishoudelike geweld, op kort kennisgewing 'n veilige hawe te bied? Ja ◯ Nee ◯ Weet nie ◯

5. Opmerkings:

## TOIBO (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)

1. Is u gemeente betrokke by een van die 5 skole van Toibo? Ja ◯ Nee ◯
2. Is u gemeente betrokke by ander skole vir kinders met gestremdhede? Ja ◯ Nee ◯
   Indien wel, wat is die naam van die skool(e):
3. Is u gemeente se fasiliteite funksioneel vir persone met gestremdhede, byvoorbeeld:

| **Tipe** | **Ja** | **Nee** | **Gedeeltelik** |
|---|---|---|---|
| Rolstoelvriendelik | ☐ | ☐ | ☐ |
| Blind- of swaksiendheid | ☐ | ☐ | ☐ |
| Gehoorgestremdheid | ☐ | ☐ | ☐ |
| Verstandelike gestremdheid | ☐ | ☐ | ☐ |

4. Opmerkings:

## Algemene Diakensvergadering

1. Dra u gemeente by tot die ADV vrywillige barmhartigheidsoffers van R45,50 per belydende lidmaat per jaar? Ja ◯ Nee ◯
   Indien wel: Gedeeltelik ◯ Ten volle ◯ Meer as die doelwit ◯
   Indien nee, om welke rede? Finansieel ◯ Ons ontvang geen dienste van die ADV nie ◯
   Geen van die Kerk se NWO's werk in ons gemeenskap nie ◯ Ander ◯
2. Het u praktiese voorstelle vir opleiding/toerusting/inligting om u te bemagtig om barmhartigheid te kan bewys, insluitend vorme/maniere waarop dit aangebied kan word?

3. Opmerkings:

***Baie dankie dat u die vraelys voltooi het!***